**Saterdag 8 Augustus**

**Skrifgedeelte: Lukas 7:36-50 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Markus 16:9**

**Maria Magdalena – deur dankbare liefde gedryf**

Maria Magdalena is een van die vroue wie se naam ons die meeste in die Nuwe Testament hoor. Sy is waarskynlik ook die Maria wat later uitgesonder word omdat sy "baie vir ons gearbei het" (Rom. 16:6). Ons hoor in Markus 16:9 dat Jesus sewe duiwels uit haar uitgedryf het. Sy was met ander woorde 'n vrou wat eerstehands kon getuig van die Here se liefde en genade. Hy het haar verlos uit die mag van die duiwel wat met 'n volheid (die simboliese getal sewe) van sy volgelinge van haar besit geneem en haar lewe beheers het.

Jesus, die Koning der konings, het egter die mag van die duiwel oor haar verbreek … haar hele lewe verander. Die duiwelbesetene word 'n dienskneg en navolger en dissipel van die Here, Jesus Christus. Haar lewe van toewyding aan Satan het in 'n lewe van liefde en navolging en oorgawe in diens van die Here verander.

Sy was volgens Lukas 8:1-2 een van die vroue wat saam met Jesus en sy dissipels gereis en met hulle besittings versorg het. Dan hoor ons weer haar naam tydens die kruisgebeure en die afloop daarvan. Daar kom haar naam telkens na vore:

Sy was self by die kruis (Joh. 19:25).

Sy was een van die eerstes wat die Sondagmôre daar was om Jesus se liggaam te salf (Matt. 28:1).

Sy was die eerste aan wie Jesus na sy opstanding uit die dood verskyn het (Mark. 16:9).

In hierdie vrou se lewe het die woorde van Jesus aan Simon die Fariseër volgens Lukas 7:42-43 'n werklikheid geword. Sy het haar Here baie liefgehad … Hom meer liefgehad, omdat Hy soveel genade aan haar bewys het. Soos die sondares wat sy voete met haar trane natgemaak en met haar hare afgedroog en gesoen en met salf gesalf het. Haar liefde vir Hom het haar ganse lewe oorheers.

Só bring diepe, opregte dankbaarheid vir die Here se liefde en genade altyd tot 'n lewe van opregte dankbaarheid. Wat straal jou lewe uit?

*Sing: Skrifberyming 24:1, 2*
*Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)*